Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

# Die implementering van die Beleid oor Belangebotsings: Antwoorde op gereelde vrae

## 1. Wat is ’n belangebotsing?

’n Belangebotsing is ’n botsing tussen ’n individu se privaat belange (finansieel, fidusiêr, persoonlik of andersins) en die persoon se amptelike verantwoordelikhede in ’n vertrouensposisie.

Benewens enige besluitnemingsrol as gevolg van ’n pos by die Universiteit of ’n setel in die Raad of ’n Raadskomitee, kan ’n individu ook ’n finansiële of fidusiêre belang hê by ’n professionele praktyk, firma, vennootskap, maatskappy, onderneming, trust of ander organisasie. Hierdie belang kan ’n botsing, of veronderstelde botsing, laat ontstaan. Dieselfde geld vir die finansiële of fidusiêre belange van naaste familielede, soos ’n huweliksmaat of afhanklike kind.

## 2. Wat is ’n finansiële belang?

’n Finansiële belang is enigiets met geldwaarde, waaronder salarisse of ander betalings in ruil vir dienste (konsultasiefooie, honorariums), ekwiteitsbelange (aandele, aandeelopsies, ander eienaarskapsbelange), intellektuele-eiendomsregte (patente, kopiereg, tantième uit sodanige regte), en onlangse reise waarvoor jy geborg of terugbetaal is (binne die afgelope 12 maande). Vir verslagdoeningsdoeleindes sluit finansiële belang ook die belange in van jou huweliksmaat (indien enige) en afhanklike kinders (indien enige).

## 3. Wat word NIE as ’n finansiële belang beskou nie?

‘Finansiële belang’ vir die doel van ’n belangeverklaring by die Universiteit Stellenbosch sluit uit salarisse, tantième of ander vergoeding van ons universiteit, inkomste uit seminare, lesings of onderrig wat deur openbare entiteite of organisasies sonder winsoogmerk geborg word, of inkomste uit lidmaatskap van advieskomitees of ondersoekspanne van openbare entiteite of organisasies sonder winsoogmerk.

‘Reise wat geborg of terugbetaal word’ sluit uit reise waarvoor ’n nasionale, staats- of plaaslikeregeringsagentskap, ’n hoëronderwysinstelling, ’n akademiese opleidingshospitaal, ’n mediese sentrum of ’n navorsingsinstituut verbonde aan ’n hoëronderwysinstelling jou borg of terugbetaal.

## 4. Wat is familie- en spesiale verhoudings?

Vir die doel van die verklaring is familieverhoudings jou bande met ‘naaste familielede’, waaronder huweliksmaats, ouers, broers en susters, kinders en/of enige ander familielid wat in jou huishouding woon.

Spesiale verhoudings sluit in:

- huidige en vorige vriendskappe;
- romantiese verhoudings;
- seksuele verhoudings;
- verwantskap;

- kontraktuele verhoudings (wat gereël word deur die een of ander ooreenkoms, soos die benoeming van ’n begunstigde, of ’n bewys dat die verhouding langtermyn is en op onderlinge afhanklikheid en vertroue berus, soos ’n gesamentlike bankrekening, gesamentlike eiendomsbesit, of ’n langtermynsaamwoonreëling); en
- verhoudings met ’n geskiedenis van ernstige interpersoonlike konflik.

**5. Wie moet ’n verklaring van belangebotsings voltooi?**

Alle personeel van die Universiteit Stellenbosch moet die verklaring een maal per jaar indien. Dít sluit sowel nuwe as bestaande personeellede in.

**6. Hoe gemaak as enigiets in my verklaring in die loop van die jaar verander?**

Indien enige van die inligting verander, dien asseblief binne sewe dae ná die verandering ’n bygewerkte verklaring in.

**7. Wat sal gebeur as ek nié die verklaring jaarliks indien nie, of ’n onvolledige verklaring indien?**

Nievoldoening aan die verklaringsvereiste hou ’n ernstige risiko vir die oorsigbestuur van ons instelling in. Daarom sal ons verslae opstel om die omgewings en personeellede te identifiseer wat tot hierdie risiko bydra. Die verslae sal vir hantering na die gepaste rolspelers by die Universiteit verwys word. Versuim om ’n (volledige) verklaring in te dien kan ook dissiplinêre optrede tot gevolg hê.